

SA SE DR. MIGRAINE



Dr. Elliot Shevel, die stigter van die Hoofpynkliniek, se baanbrekersbehandeling vir migraine is eindelijk internasionaal aanvaar.

Hy het die fotograaf Megan Miller en talle ander se hoofpyn genees, en nou word sy behandeling eindelijk wêreldwyd aanvaar

Deur HAIDEE MULLER

WANNEER jy 'n hoofpyn kry wat jou kop laat klop en al jou planne vir die dag omvergooi, is dit mos genoeg om jou na pille te laat gryp. Gebeur dit gereeld, kan dit voel asof dit jou lewe oorneem.

Vra maar vir Huisgenoot se fotograaf Megan Miller. Byna drie jaar lank het sy elke dag hoofpyn en later ook kwaai migraine gekry.

“My kop het geklop, ek was naer en kon nie lekker sien nie. Dit het my werk bemoeilik. Ek het allerlei pille gedrink, maar dit het net tydelik gewerk.”

Toe sy dus van 'n Suid-Afrikaanse dokter hoor wat migraine heel anders benader, was sy gewillig om dit te beproef.

Pleks van hoofpynpille, bied dr. Elliot Shevel, 'n mond-en-kaakchirurg van Johan-

nesburg, twee alternatiewe vir migraine-lyers. Die een is 'n binnemondse plaatjie wat die spiere van die kaak en die nek laat ontspan.

Die ander is 'n eenvoudige operasie waartydens oppervlakkige are in die kopvel gesny of gebrand word om die pyn te blokkeer (Dok, sny weg die migraine!, 21 Februarie 2008).

En ná jare kry Elliot nou eindelijk wêreldwyd erkenning vir dié werk.

Megan (30) het in Augustus 2009 besef haar hoofpyn gebeur elke lieue dag.

“Dit het ál erger geword. Ek is na my huisdokter en hy het my na 'n neuroloog verwys,” vertel sy.

Haar pa, Tommy Williams, is 10 jaar gelede op 59 jaar aan breinkanker dood. Megan is hiervoor getoets, maar verskeie sonarskanderings het geen breingewas getoon nie.

Intussen het die hoofpyn haar bly teister.

Sy het 'n oor-neus-en-keelspesialis gaan spreek, 'n fisioterapeut het haar met akupunctuur behandel en sy het medikasie vir haar sinusprobleme beproef, maar niks het gehelp nie.

Vroeg verlede jaar is migraine-aanvalle by haar gediagnoseer. Teen die tyd dat Elliot haar in April ondersoek het, was sy wanhopig.

Hy het aanbeveel dat sy 'n binnemondse plaatjie dra.

“Dit sit in jou verhemelte,” vertel Megan. “Jy moet dit uithaal wanneer jy eet of drink, maar jy kan daarmee slaap. Eers het dit vreemd gevoel, maar dit het die migraine-aanvalle verminder.”

Op 20 Junie het sy slagaarchirurgie ondergaan.

“Voor die operasie het hulle toetse gedoen soos 'n RT-skandering sodat die dokter presies kon weet waar hy moet sny en hoeveel

bloedvate betrokke is.”

Die teaterprosedure duur van 30 tot 90 minute, na gelang van die getal bloedvate wat geraak word; gewoonlik tussen een en agt are.

In Megan se geval was dit agt. “Drie aan elke kant van my kop en twee agter,” vertel sy. “Dit was so gou oor. Al nadeel was die snye wat agterna sensitief en seer was. Maar toe daardie steke ná twee weke uitgehaal is, was ek 'n nuwe mens.”

Sy dra nog haar mondplaatjie. “Dis vir die spierpyn, want ek dra swaar kameratoerusting rond en het gereeld 'n stywe nek en skouers.

“Ek kry nog af en toe 'n ligte hoofpyn, maar ek het al vergeet hoe 'n migraine voel. Die beste is dat ek danksy die behandeling weer die lewe kan geniet; ek kan selfs na harde musiek luister.”

DIE operasie wat Megan se lewe verander het, is een van die eerste werk-bare alternatiewe vir daaglikse medikasie, sê Elliot by die Kaapstadse tak van die Hoofpynkliniek in Goodwood. “Hier hou ons nie van pille nie,” voeg hy by.

Spesialiste het nog altyd geglo 'n migraine ontstaan in die brein en geen spierkomponent is betrokke nie. “Maar ek sê al amper 20 jaar migraine begin nie in die brein nie.”

Hy het sy ontdekking oor die oorsaak van migraine toevallig gedoen, vertel hy. 'n Patiënt op wie hy 'n mondoperasie moes uitvoer, het oor kwaai hoofpyn gekla.

“Ek het opgelet daar is 'n polsende bloedvatjie aan die kant van haar kop. Toe ek daarop druk, het die pyn verdwyn. Toe ek my vinger oplig, het dit teruggekeer. Ek het besef daardie slagartjie is die oorsaak van die pyn.”


Die slagare wat by 'n migraine betrokke is, is dikwels die oppervlakkige slagare in die slape of agterkop en in kleiner aarstrukture in die kop en kopvel, sê hy, en nie die slagare in die brein soos medici dekades lank geglo het nie.

Elliot het nie geskroom om vooraanstaande neuroloë wêreldwyd met sy teorie oor migraine aan te vat nie. Vroeër vanjaar het hy 'n debat op die Cony-wêreldneurologiekongres in Oostenryk teen vooraanstaande internasionale migraine-spesialiste gewen en nou word sy behandeling vir migraine-lyers wêreldwyd aanvaar.

“Kan jy dink hoe opgewonde hierdie ontwikkeling my maak?” sê die man wat ook die voorsitter is van die Internasionale Hoofpynvereniging se Suid-Afrikaanse afdeling.

“Die mediese en wetenskaplike gemeenskap het byna 'n eeu lank sonder enige be-

ONDER: Hy ondersoek die fotograaf Megan Miller. REGS: Ná die operasie.



‘Ek sê al amper 20 jaar migraine begin nie in die brein nie’

wyse blindelings aan hierdie verkeerde oortuiging geklou.”

Dit verklaar ook waarom medikasie vir migraine so sleg werk, reken hy. “Dis spesifiek ontwerp om op die are in die brein in te werk, maar nou is daar bewys dit is nie die oorsaak van migraine nie.”

'n Onlangse ondersoek deur 'n Nederlandse neuroloog staaf eindelijk sy jare lange teorie oor migraine.

Daarvoor het dr. G.G. Schoonman van die Universiteit van Leiden 'n tegnologies gevorderde skandeerder gebruik om slagare te meet. En daar bevind hy toe dat die slagare in die brein nie tydens 'n migraine uitsit soos daar jare lank aanvaar is nie. Dié ondersoek is in die neurologie-vaktydskrif Brain in Brittanje gepubliseer.

Daarom moet die Internasionale Hoofpynvereniging se klassifikasie van 'n migraine nou aangepas word, sê Elliot. Meer as drie dekades al word dit op simptome soos 'n kloppende hoofpyn of 'n hoofpyn aan een kant van die kop, naarheid, braking en lig- en klanksensitiwiteit gegrond.

Elliot het in 1992 met die Hoofpynkliniek begin. Hier word migraine-lyers onder meer met kouterisering (die brand van bloedvate) behandel. Dit is deurbraak-behandeling vir migraine.

Die prosedure is op navorsing gegrond wat hy saam met die neuroloog E.H. Spierings van die Harvard-universiteit in Amerika, en die Italiaanse migraine-spesialis prof.

Carlo Chanketti gedoen het. Die uitslag daarvan is in die vooraanstaande Britse mediese vaktydskrif Therapy gepubliseer.

Oppervlakkige bloedvate is in die kopvel van 55 chroniese migraine-lyers toegeskroei.

Vooraf en 12 maande daarna moes hulle hul lewensgehalte 'n punt gee; gemiddeld was dit twee en 'n half beter.

Al kom die hoofpyn dikwels van die are, word dit ook deur spierspanning veroorsaak; daarom kry migraine-lyers as deel van hul behandeling by Elliot se kliniek 'n binnemondse plaatjie, bekend as 'n PMA (dit staan vir Posture Modifying Appliance).

“Dit laat die spiere van die kaak en die nek ontspan. Dit tas nie jou spraak aan nie en pla jou nie. En dit bring werklik verligting,” sê hy.

In akute gevalle ondergaan migraine-lyers ook kouterisering om die aartjies te blokkeer wat die pyn veroorsaak.

“Die operasie is eenvoudig, baie veilig en word in 'n dagklinikum gedoen. Dit verlig die pyn in die are in jou kopvel permanent. Hierdie aartjies is nie vir jou normale funksionering nodig nie en ná daardie operasie hoef jy geen pille te drink nie.”

Elliot se suksesyfer is al meer as 85 persent en hoofpynspesialiste wêreldwyd stel ál meer in sy tegniek belang.

● **Die Hoofpynkliniek het takke in Johannesburg, Kaapstad en Durban. Besoek www.headacheclinic.co.za of bel 0861-678-911 vir nog inligting.** ■